Min. P.W. Botha. 191.T.7 (67)
Amptelike opening van Univ., 22/2/67
(Sy onderwerp: Ons Eie Krygskunde).

I Die Geleentheid.
Eeufees verlede jaar = terugblik. verjaring.
Opening van ons jaar no. 101.
Belangrike stadium — gaan ons grootse voornemens verwesenlik?
Dus vir ons besondere jaar.
Ook 'n besondere ker-opening.

II Besondere Spreker
~~'n Eer om hom~~ te verwelkom:
~~Waar sy~~ ZEd. P.W. Botha ~~as belangrike politieke beklee~~ Minister van Verdediging.
~~In die wandelgange~~:
Iemand het gesê: Hy is minister v. Oorlog — ek weet hy kom hier om vanmôre oorlog te maak nie.

III 'n Voorreg — Waarom?
Vol program.
Lewens belangrike portefeulje.
Kruis-ure: hy sal die groot verantw. dra.
Hy is betreklik jonk — kom met jongmense praat.
Sy onderwerp: Ons Eie Krygskunde
Veral ons Univ. het belang hierby.
Hy het sy ~~opgeroote~~ saamgebring.

IV Stel aan Woord.
Ons luister graag na hom.

(a) ~~Every four years in the United States is the year of the Big Wind.~~
(b) Any party which takes credit for the rain must not be surprised if its opponents blame it for the drought (Morrow).

By amptelike opening van Univ., 22/2/67.

191. T.7 (67/1)

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

VERKLARING: GENEESKUNDE EN TANDHEELKUNDE

Die Universiteit van Stellenbosch het gedurende die afgelope tien jaar met welslae, dog onder uiters moeilike omstandighede, sy Fakulteit van Geneeskunde opgebou. Die Karl Bremer-hospitaal is, danksy die gewaardeerde optrede van die Kaaplandse Provinsiale Administrasie, as 'n geskikte opleidingshospitaal ingerig. Maar vir 'n opleidingshospitaal is dit betreklik klein, en bowendien is reeds vroeg ooreengekom dat hierdie hospitaal slegs tydelik as opleidingshospitaal gebruik sou word. Dit het beteken dat die Universiteit, vir sy akademiese doeleindes, tydelike geboue daar moes oprig. Dit is wel met sukses gedoen, maar begryplikerwyse moes dit op beperkte skaal geskied. Die gevolg is dat die Fakulteit van Geneeskunde in 'n stygende mate met 'n tekort aan ruimte te kampe gekry het, 'n probleem wat tans 'n krisisstadium bereik het.

Ons verheug ons egter daaroor dat die groot nuwe opleidingshospitaal, wat die Provinsie by Tiervlei bou, tans goeie vordering maak en dat dit binne enkele jare voltooi sal wees. Aangesien dit 'n groot hospitaal is en ongeveer 1200 bedde sal hê, sal dit meebring dat die Universiteit in die kliniese jare van die geneeskunde-kursus meer as tweekeer soveel studente sal kan oplei as wat op die oomblik die geval is.

Die beskikbaarstelling van hierdie hospitaal sal ook meebring dat ander ernstige probleme van die Universiteit, in landsbelang, opgelos sal kan word. Die Universiteit sal daartoe moet oorgaan om toereikende, permanente akademiese geboue by die hospitaal op te rig; en ek mag byvoeg dat daar reeds hard aan die bouplanne gewerk word. Die nodige permanente koshuise sal ook by die hospitaal en akademiese geboue opgerig word, en in verband hiermee kan ek meld dat die bouwerk aan die eerste koshuis hopelik reeds binne 'n paar maande sal begin. Stellenbosch vertrou dat hy der sulke stappe in staat sal wees om heelwat meer geneeshere vir die diens van Suid-Afrika te lewer, en dat hy dan ook nie meer verplig sal wees om soveel voornemende geneeskundestudente, wat graag hulle opleiding aan ons Universiteit wil ontvang, af te wys nie.

Die/............

Die Universiteit is nou ook in staat om aktief tot die oprigting van sy Fakulteit van Tandheelkunde oor te gaan, en die Regering het inderdaad ook reeds sy goedkeuring hieraan geheg. Ons planne in hierdie verband moes ongelukkig ietwat vertraag word, omdat ons, ter wille van koste-besnoeiing en ook ter wille van verhoging van doeltreffendheid in die studiekursusse in Tandheelkunde, die standpunt ingeneem het dat ons Fakulteit van Tandheelkunde noodwendig moes saamgaan met die oprigting van die nuwe opleidingshospitaal en die permanente geboue vir Geneeskunde.

Ek wil graag bekend maak dat die Universiteit nou daadwerklik besig is met die planne van sy Tandheelkundegeboue - wat ook op die perseel van die hospitaal by Tiervlei sal verrys - en dat hy ook aandag wy aan probleme rakende die nodige personeel vir Tandheelkunde, veral die aanstelling van 'n dekaan.

In verband met dit alles wil die Universiteit sy hartlike dank en waardering uitspreek teenoor die Regering en die Provinsie vir die medewerking wat ons van hulle kant ontvang. Met die samevoeging van die betrokke kragte van die Regering, die Provinsie en die Universiteit kan op die uitgestrekte perseel van die groot hospitaal by Tiervlei iets tot stand gebring word wat op geneeskundige en tandheelkundige gebied vir Suid-Afrika 'n sieraad sal wees. Vir die hoër onderwys op Stellenbosch is dit 'n besielende feit dat ons ons tweede eeu in die teken van sulke groo t dinge kan begin.

H. B. THOM,
REKTOR, U. S.

STELLENBOSCH,
22 Februarie 1967.